# Lesing 19.03.2018 - DEEL 2 - Israel en Jerusalem se einde

***Groot Johannes Evangelie - Boek 7 - Hoofstuk 45***

Die veranderde verskynsel aan die hemel en die verleentheid van die tempeldienaars

Hfs 45(vervolg)[13] In die tempelraad is egter ook die reeds bekende Nikodemus en sy mening word ook gevra.

[14] Maar hy sê (Nikodemus): "Julle het my raad nooit ernstig geneem nie, omdat julle my al meermale daarvan beskuldig het dat ek dit heimlik met die Galileërs hou, en ek beskou by hierdie ongelooflike aangeleentheid my raad dan ook oorbodig. Want as JaHWeH welverdiend `n groot straf of selfs die volledige ondergang vir ons bepaal het, dan sal geen enkele menslike raad nog iets daaraan kan doen nie en aan ons niksseggende ampte het dan vir altyd `n einde gekom. As JaHWeH egter die twaalf verskriklike vuurpilare slegs as `n laaste waarskuwing tot ware boete vir ons neergesit het, dan sal ons nog wel op die regte oomblik deur `n profeet verneem, welke boete en offers Elohim van ons verlang. Maar dink almal goed daaraan: Julle het Sagaria vermoor, hoewel hy duidelik `n profeet was! Ook die prediker en Doper aan die Jordaan is deur julle tussenkoms in die gevangenis van Herodus onthoof. (*Moses en Elia*) En opnuut het daar `n groot Wyse uit Galilea gekom, hy het drie dae in die tempel geleer, en Sy leer was goed en waarvoor die volk en daarom julle Hom ook wil stenig. Ja, as julle alle mense wat met die Gees van JaHWeH vervul is, steeds so wil bejeën, dan is ons algemene, gewisse ondergang nie meer te voorkom nie, en kan selfs Elohim julle geen raad meer gee en ek gladnie, hoewel ek `n oudste in die tempel is!"

[15] Die hoëpriester, wat voorsitter van die Raad was, sê: "Maar wie kan ons dan bewys dat die manne wat deur jou genoem is, werklik profete was wat deur Elohim gewek is?"

[16] Nikodemus sê: "Netsoos jy nou, het in die tye van die ware profete, die hoëpriesters in die Hoë Raad ook die vraag gestel, en die droewige besluit was helaas altyd dat die ware profete steeds vir die merendeel gestenig of gewurg, en eers naderhand as sodanig herken word. En netsoos dit toe was, so en nog veel erger is dit nou, wat ek tot my groot spyt openlik moet erken. En omdat dit helaas so is, is ook die geduld van JaHWeh met ons hoogswaarskynlik op, wat die twaalf verskriklike vuurpilare ons nou maar al te duidelik laat sien en daarteen sal waarskynlik geen enkele menslike raad meer iets kan doen nie. Kyk maar eers hoe hulle steeds groter en kompakter word - dit is vas en seker deurdat hulle steeds digterby kom!

[17] O, wat `n verskriklike dag in die nag! Dit is nou nog maar net die vyfde uur van die nag en buite is dit so lig soos op die middel van die dag! Daarom gaan ek julle nou verlaat en teruggaan na my huis en my familie, om hulle soveel moontlik te troos."

Nikodemus by Lasarus op die Olyfberg

[2] Maar ek weet wat ek sal doen: Ek sal die taamlike hoë Olyfberg opgaan om met Lasarus oor hierdie verskynsel te praat. Hy is altyd nog `n man na Elohim se hart gewees, ook al is hy met die tempel oorhoops, en hy sal nou beslis meer weet as ek en die hele tempel saam!" So gedink ,so gedaan!

[7] ... en ons Nikodemus gaan vinnig die berg op en verbaas hom daarbo aangekom, nie min daaroor dat hy daar so `n groot, vrolik gestemde groep mense aantref nie, wat met bewondering na die indrukwekkende verskynsel kyk en die skoonheid daarvan met `n opgewekte gelaatsuitdrukking aanskou.

[8] Maar Ek sê aan Lasarus: "Broer Lasarus, die oudste Nikodemus het deur groot vrees gedryf, na bo gekom om met jou oor die betekenis van die verskynsel te praat! Gaan dus na hom toe, ontvang hom, dan sal Ek jou wel in die mond lê wat jy voorlopig aan hom moet sê! Gaan nou dus, maar sê hom nie te gou dat Ek hier is nie!"

[9] Lasarus verheug hom egter daaroor, want hy het baie van Nikodemus gehou, wat sy enigste vriend was. Dus gaan hy dan ook vinnig weg om te doen wat Ek hom aangeraai het.

[[14] Lasarus sê: "Jy moet jou nie deur die buitengewone mooie ligverskynsel beswaard laat voel nie, want dit is absoluut geen teken van moontlike kwade gevolge vir ons nie, wat tenminste in soverre tot die beter mense behoort, dat ons nog die ou, vaste geloof in Elohim en ons trou aan Hom in ons hart bewaar het, en Sy wette soveel moontlik in ag geneem het! Vir die afvalliges is dit egter `n goeie vermaning, want hulle sê dat die ewig-ou JaHWeH nog steeds leef en mag het om sondaars te tugtig, hoe en wanneer Hy wil. As jy die verskynsel vanuit daardie standpunt bekyk, kan dit jou geen angs aanjaag nie. Kyk na die honderde mense daar! Hulle beskou die verskynsel almal vanuit daardie standpunt en is volkome rustig en vol goeie moed, en jy met jou deeglike opregtheid voor Elohim en die mense sal tog ook wel geen rede hê om daarvoor bang te wees nie! - Het ek gelyk of nie?"

[15] Nikodemus sê: "Ja wel, ja wel, jy het reg en goed geantwoord en my hart baie versterk met jou vriendelike woorde, waarvoor ek jou van ganser harte dankbaar is, maar jy het my nou nog nie vertel of jy op jou verre reis in Persië en Arabië ooit iets dergeliks gesien het nie!"

[16] Lasarus sê: "Nog nooit, nóg in Persië nóg in Arabië

het ek dergelike verskynsels gesien! Wel het ek sowel oordag as snags baie ander verskynsels gesien, wat gereeld ook baie vreemd was en wat iemand wat dit vir die eerste sien, beslis ook baie ontstel laat staan; maar omdat hulle op bepaalde tye steeds in dieselfde vorm teruggekeer het, het dit geen besondere indruk op die plaaslike bevolking gemaak nie. Die verskynsel sou egter so seker die moedigste Arabier die skrik op die lyf jaag, want op hierdie aardbodem het geen mens ooit so-iets gesien nie, behalwe een of ander profeet in `n profetiese geesvervoering, netsoos dit nog vertel word van die aartsvaders Kenan en Henog, en ook van Moses, Elia en Daniël. Maar met liggaamlike oë is so `n verskynsel waarskynlik nog nooit gesien nie. Dit sal egter nie voortdurend so bly staan nie, maar volgens my gevoel weldra nog `n aantal kere verander."

[17] Nikodemus sê: "Bedoel jy dit werklik?"

[18] Lasarus antwoord: "Ongetwyfeld, netsoos die twaalf ligpilare nou staan en nog steeds ietwat groter word, sal hulle nie tot die einde bly nie!"

[19] Nikodemus sê: "O, dan sal dit nog erger word in die stad en in die hele omgewing! .....